**28 April** **Skrifgedeelte: Eksodus 39:32-40:38**

## God is self in beheer oor sy diens

Vir die heidene was die hoogtepunt van die ingebruikneming van ‘n nuwe tempel, wanneer die afgodsbeeld na die tempel gedra is om daar op sy staanplek gemonteer te word. Die priesters het ‘n baie belangrike rol in hierdie proses gespeel om die publiek op te sweep en in die afgod te laat glo.

Israel sou egter ‘n heel ander belewenis hê. Nadat die tabernakel voltooi is, neem die Verbondsgod self met sy magtige teenwoordigheid sy intrek in sy tempel. Geen priester sou Hom ooit voorskryf of Hom probeer manipuleer nie. Hy bevestig dit deur die priesters aanvanklik met sy magtige teenwoordigheid te verhinder om in die heiligdom in te gaan en met hulle dienswerk te begin. Geen priester sou vir Hom besluit wanneer Hy op reis moet gaan deur sy beeld rond te dra nie. God sou self besluit wanneer Hy verder wil trek.

Dit is reg dat ons die kerk inrig volgens die wil van God. Die beginsels van die kerkorde moet in plek wees soos God dit voorgeskryf het. Die mens is egter geneig om te verwag dat God, binne die vaste struktuur, die mens moet dien. Wanneer die kerk dan sogenaamd dood raak, verwag hulle van die leiers om lewe in die kerk te blaas deur opsweping en emosie. God kan egter nie gemanipuleer word nie. Die mens moet God volg. Is ons nog sensitief vir die teenwoordigheid van God? Is ons daarop ingestel om te volg wanneer Hy vooruit gaan?

*Sing: Psalm 48:1,4 Ds Bernard Hattingh (Warmbadi)*